

Tema: Dag van Verootmoediging of Verharding?

Skrifvoorlesing: Romeine 1:18-2:11

Preekteks: Romeine 2:4,5

“God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie? Maar deur jou verharding en onbekeerlike hart is jy besig om vir jouself straf op te gaan vir die oordeelsdag, wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek.”

Die *Tussenkerklike Raad* het die drie kerke wat hulle verteenwoordig “in die lig van die geweld, onrus en misdaad in Suid-Afrika” “opgeroep om Sondag 9 Mei 2010 as Dag van verootmoediging en gebed in te klee.” In die oproep word gesê: Óns bede is dat ons as gelowiges saam, terwyl ons die beproewende hand van die Here ervaar, ons toevlug tot ons Here sal neem in berou, bekering en smeking en dat ons Hom om sy genade sal vra.” (Die volledige oproep verskyn elders in Fasette.)

Hulle kon ook maar die oproep tot die hele Land gerig het, want ek lees in *Volksblad* van 5 Mei 2010 dat ’n gesaghebbende instansie (Pew Forum on Religion and Public Life) bevind het dat 89% van Suid-Afrikaners sê hulle is Christene, van hulle behoort 84% tot die Protestantse kerke en 11% is Katolieke. Dan moet ons probleem seker van elders kom? Moenie glo nie: Pew het ook bevind dat 500 miljoen van Afrika se miljard mense tot die Christengeloof behoort en 400 miljoen is Moslems. Gaan ons die “onbekeerde” 100 miljoen die skuld gee?

Die saak is veel ernstiger en dringender as dit. Volgens Rom. 1:18 openbaar God “*vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtheid probeer onderdruk.*”

Hoe openbaar God sy toorn?

- Hy gee die mense oor aan “die drange van hulle hart”, sodat hulle mekaar onteer, d.w.s. met minagting behandel (v 24).
- Hy gee hulle oor aan hulle “skandelige drifte”, sodat vroue en mans teen hulle natuur omgang met mekaar het (v 26).

- Hy gee hulle oor aan hulle “verdraaide opvattinge”, sodat hulle doen wat onbetaamlik, d.w.s. in stryd met gesonde naasbestaan, is (v 28).

As jy die beskrywing van “wat onbetaamlik is” lees (vers 29 – 31), dan sien jy dat ons nie so maklike moet dink dis nie ons skuld nie. Die rede vir al hierdie ellende lê daarin dat mense die ware God tot ’n afgod wil degradeer (Rom. 1:22,23). Om ons tot besinning te ruk, gee God ons nou oor aan ons eie afgode, want jou godsbeeld bepaal jou selfbeeld.

Wat is die regte Godsbeeld?

- God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir ons iets, of sê dit vir ons niks?
- Ons beleef in ons tyd dieselfde onbekeerlike verharding wat Israel en Juda beleef het in die tyd van die profete.
- Mense bekeer hulle nie, omdat hulle God nie reg ken nie. Daarom: *Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?*”

Wat moet ons dan doen?

- Die enigste antwoord wat God vir ons gee is dat ons moet voortgaan om die Evangelie te verkondig, ons nie daarvoor te skaam nie en te leef wat ons preek (1:16,17).

Met ander woorde: Die omstandighede wat ons beleef is ideaal om die evangelie van God se genade en vergifnis te verkondig en uit te leef. As ons dit nie doen nie, moet ons, ons met berou voor God verootmoedig en bid vir die krag van die Gees om ware beeldraers van God Drie-enig te wees.